Lees Genesis 22:1-13

ABRAHAM EN ISAK

Maats, lees die skrifgedeelte en soek dan al die woorde in die blokraaisel hieronder.

Abraham
Donkie
Opgesaal
Altaar
Engel
Bos
Berg
Enigste
Moria
Aanbid
Vuur
Offerlam
Horings
Voorsien
Brandoffer
Hout
Isak
Mes
Hemel
Skaapram

A	A	N	B	I	D	E	V	U	U	R	F
B	R	A	N	D	O	F	F	E	R	I	H
R	G	L	K	R	N	G	B	O	S	G	E
A	I	T	L	S	K	A	A	P	R	A	M
H	V	A	E	M	I	N	H	G	J	O	E
A	O	A	F	K	E	N	G	E	L	R	L
M	O	R	I	A	H	P	I	S	K	B	N
J	R	N	H	O	U	T	E	A	B	E	G
E	S	O	F	F	E	R	L	A	M	R	J
H	I	S	A	K	B	F	M	L	O	G	L
M	E	S	I	P	E	N	I	G	S	T	E
B	N	F	H	O	R	I	N	G	S	J	M

SUIDERKRUIS
'n Gemeente vir Oud en Jonk

ONDER ONS
Redaksie: Ds Tiaan Mostert, Elize van Niekerk en Hester de Beer

Tel & Faks 018 294 7939
E-pos: elize@suiderkruis.com
Web: www.suiderkruis.com
Facebook: Suiderkruis Gemeente Potchefstroom

DAGBOEK **7 MEI 2023**

Vandag
08:00 Koffie en tee in die foyer
09:00 Oggenddiens
Kinderkerke vind plaas net na die diens
10:00 Koffie en tee in die foyer

Dinsdag 9 Mei
18:00 Kerkraadsvergadering

Woensdag
09:30 Oudejeugaksie

Vrydag 12 Mei
Pannekoek-bak Pick 'n Pay

Saterdag 13 Mei
Pannekoek-bak Pick 'n Pay

Sondag 14 Mei - Moedersdag
08:00 Koffie en tee in die foyer
09:00 Oggenddiens
Kinderkerke vind plaas net na die diens
10:00 Koffie en tee in die foyer

SIEKTEVERLOF – DS TIAAN
Liewe gemeente, goeie nuus: ds Tiaan begin weer werk op Dinsdag 9 Mei. Ons is baie dankbaar hy kom terug. Ons almal het hom baie gemis!

SUIDERKRUIS WHATSAPGROEP
Moenie uitmis op belangrike nuus en gebeure in die gemeente nie. Indien jy nog nie op die gemeente se Whatsapgroep is nie, stuur sommer nou 'n whatsap na Elize (0832976748) en sy sal die skakel aanstuur. Net Ds Tiaan en Elize kan op daardie groep inligting plaas. Die afkondigings word weekliks daarop geplaas sowel as die skakel na Ds Tiaan se preke.

GEBEDSLYS
- Baie sterkte aan Lorraine Jonker, Lana, Hannes en kleinkinders met die afsterwe van Koos verlede week.
- Baie sterkte ook aan Elize van Deventer met die afsterwe van haar broer verlede week.

PINKSTERDIENSTE

Agv Ds Tiaan se operasie en alles wat plaasvind voor daardie week, sal die Pinksterdienste plaasvind vanaf Sondag 4 Junie tot Donderdag 8 Junie. Die Nagmaal en Pinksterfees sal dan ook plaasvind op Sondag 11 Junie.

DEURLOPENDE FONDSINSAMELINGSPROJEKTE

- R2-projek: Vat 'n pilbotteltjie in die portaal, vul dit met R2-stukke en gooi in die kollektesakkie.
- Koperkruik-projek: Gooi al u "oorbodige" koper in die kruik wat in die voorportaal staan.
- 2e-Handse snuffelwinkel: Indien u enigiets het wat tuis in die pad is, skenk dit asb vir ons gemeente se winkeltjie. Kom kyk gerus ook wat alles in die winkel is. Jacoba Ras is in beheer van die winkel [0729005005].
- Mandjieprojek

– Elize

VERJAARSDAGLYS

Vandag: Anna-Marie Oberholzer, Pieter le Roux, Anton Nel
8 Mei: Christelle Britz, Pat vd Merwe
9 Mei: Retha Bekker, Hester Brits
10 Mei: Carel Oberholzer, Amanda Theron, Victor Vlok
11 Mei: Hester Delport, Gerhardt Erasmus, Eloff Muller, Basjan Wolfaardt
12 Mei: Waldo Franken, Louis Jansen
13 Mei: Ben Beukes, Anita Swanepoel

POTJIEKOSKOMPETISIE

Baie dankie aan Willem en Jakkie Botes wat vir ons 'n Potjiekoskompetisie beplan vir Sondag 25 Junie. Daar gaan selfs 'n trofee wees vir die wenner van die kompetisie. Kaartjies gaan ook verkoop word as deel van 'n fondsinsamelingsprojek.
Hulle is nou op soek na persone wat sal inskryf om 'n pot te maak vir daardie dag. Dit sal bepaal hoeveel kaartjies verkoop kan word. As jy kans sien om jou "wen-pot"in te skryf, skakel asb vir Jakkie by 076 263 7050.

Liewe Suiderkruis vriende en vriendinne,
Die tyd kom nou vinnig nader. Ons wil bitter graag van daardie dag 'n groot sukses maak. Soos jul reeds weet, Overvaal Stereo gaan daardie dag 'n direkte uitsending vanaf die gemeente kom doen. Baie dankie aan al ons borge wat dit moontlik gemaak het dat Overvaal Stereo die hele oggend kan kom uitsaai.

- **Basaarlyste**: In die foyer lê basaarlyste waarop al die benodigdhede vir die basaar is. Ondersteun ons asb en skryf jou skenking daarop. Daar is van die lyste wat nog niks op het nie, sonder julle hulp kan ons nie 'n sukses van hierdie basaar maak nie.
- **Leë koeldrankbottels**: Ons benodig asb leë 2-liter koeldrankbottels vir die lekkergoedtafel. Bring dit asb op 'n Sondag saam, of kontak vir Drienie 061 545 1107
- **Wen 'n pragtige kwiltdeken**: Baie dankie aan Jacoba Ras wat vir ons hierdie pragtige kwiltdeken geskenk het. Vir slegs R30 per nommer, staan u 'n kans om hierdie deken te wen! Skryf u naam langs enige nommers van u keuse om u wenkans te vergroot. Die deken kan besigtig word op die verhoog.
- **Wen 'n unieke bottel brandewyn**: Baie dankie ook aan Johanna Handford wat vir ons 'n unieke bottel brandewyn, al die pad van die Kaap af ingevoer het. Vir slegs R10 per nommer staan u 'n kans om hierdie bottel te wen. Koop ook meer as een nommer om u wenkans te vergroot. Dis 'n 5-jaar oue brandewyn en is gladnie in Noordwes beskikbaar nie.

Ondersteun ons asseblief hiermee, die fondse is ook ten bate van ons basaar. Die lyste is beskikbaar in die foyer.

DATUMS VAN FONDSINSAMELINGSPROJEKTE BEPLAN VIR DIE HUIDIGE BOEKJAAR:

- Pannekoek bak by Pick 'n Pay:
  12 en 13 Mei; 30 Junie en 1 Julie;
  21 en 22 Julie; 6 en 7 Oktober
- Mini-basaar: 19/20 Mei
- Proe-aand: 29 September
- Kersliedere-Kuier-Aand: 24 November

Ander projekte:

- Borg 'n bank (besonderhede sal deurgegee word)
- Hengelkompetisie
- Vleisprojek
- Potjiekoskompetisie

Indien daar enige idees is vir fondsinsamelings of as jul kan help by bg projekte, kontak asb die kerkkantoor en gee vir ons idees deur: 0182947939 / 0832976748.

DRIE HONDE

By die swart traliehek gewaar ek die hond, wat so wild en wakker vir my blaf. Die Jack Russell staan op sy agterpote en gluur my aan. Sy een voorpoot raak-raak aan die traliehek. Met elke blaf hop die voorkant van die pootjie, terwyl sy een oortjie nogal ewe saam op en af wip.
Ek stop en praat met die outjie. Hy staar my eers wantrouig aan. "Wil jy saamdraf?" vra ek. Ek is nie seker of hy my verstaan nie, maar hy gaan sit ewe kordaat en daar gly rillings teen sy ruggie af. Na twee of drie sinne groet ek maar en draf verder. Jack blaf nie meer nie. Sy voorpootjie is weer op die traliehek wanneer ek om die draai verdwyn.
Dit is nie lank nie of 'n volgende hond se geblaf begroet my. Die Golden Retriever blaf opgewonde. Sy is duidelik baie lus vir 'n bietjie aksie. Hoe nader ek aan haar erf kom, hoe wilder raak die hondegeluide. Ook hierdie een verwelkom 'n sin of twee. Sy word nie heeltemal rustig nie, maar maak dit wel met haar stert duidelik dat sy nie 'n vyand is nie.
Die derde hond langs die pad is egter 'n ander saak. Ek kan nie sien of dit 'n reun of 'n tefie is nie. Ek kan ook nie die woef se oë sien nie. Die Malteser-bloed loop sterk in die wolbolletjie se are, maar dit het vriende ook by. Ek probeer met haar ook gesels, maar hierdie keer is die reaksie die teenoorgestelde van wat ek wou hê. Haar geblaf skiet die hoogte in. Harder, skerper en angstiger. Hoe meer ek praat en paai, hoe wilder raak die wolbol. Uiteindelik gaan sit ek 'n bietjie, net om te sien wat die uitwerking is. Dit maak hoegenaamd geen verskil nie. Die hond het 'n desibeloorlog verklaar en ek is besig om te verloor.
Uiteindelik gee ek maar moed op en draf verder, terwyl die skril geblaf agter my voortwoed. Ek is eers teleurgesteld oor ek toe nou nie Franciscus van Assissi of Sneeuwitjie se dierevaardighede het nie. Daardie laaste hond wou op geen manier vrede tussen ons hê nie. Dit is eers later, op sosiale media, wat ek iets tussen mense se gesprekke raaksien. Sommige mense is aktief op soek na konneksies, ordentlike gesprekke en nuwe oplossings. Hier en daar is daar egter wolbolle wat net graag wil blaf. Dit maak nie saak wie op watter manier antwoord nie, die trant van die gesprek ontaard telkens rampspoedig. Hulle het geen bedoeling om ordentlik te probeer wees nie.
Van toe af kyk ek ook sommer anders na die mense rondom my en nie net op sosiale media nie. Soms is daar eenvoudig diegene wat nooit die bedoeling het om vrede of voorspoed vir mekaar te soek nie. Hulle bakleiery is nie met my of met jou nie, maar met iets anders in hulleself. Ek en jy hoef dit egter nie altyd aan die gang te hou nie. Soms kan ons maar voortdraf en oper geselskap soek.
Jesus illustreer dat Hy graag met mense gesprekke voer. Ons leer sulke wonderlike dinge oor God en die lewe wanneer ons Jesus se wyse antwoorde op strikvrae lees. Hy sien egter ook raak wanneer mense nie die intensie het om iets by Hom te leer nie, maar eintlik net moeilikheid soek. Een so 'n voorbeeld is in Mark 11:27-33. Jesus se styl met moeilikheidmakers wys dat ons soms die veglustiges moet antwoord (Spr 26:5) en ander kere liewer nie moet antwoord nie (Spr 26:4). Kom ons soek daardie wysheid in ons lewens. Dalk het jy meer tyd en energie beskikbaar as jy sekere bakleierigheid kan laat gaan.

-Siegfried Louw [eKerk]